

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1: TAALKUNDE

JUNIE 2009

TYD: 2 UUR  
PUNTE: 70



WES-KAAP  
Onderwysdepartement

METRO-NOORD  
NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

GRAAD 12  
GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

JUNIE 2009

Hierdie vraestel bestaan uit **12** bladsye.

---

## INSTRUKSIES

- Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS:**
  - **AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)**
  - **AFDELING B: Opsomming (10 punte)**
  - **AFDELING C: Taal (30 punte)**
- Lees ALLE instruksies versigtig deur.
- Beantwoord AL die vrae.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Trek 'n streep na elke afdeling.
- Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**  
**VRAAG 1**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Vat die gaping!**

1. 'n Brugjaar ná matriek kan jou help om die regte studierigting te kies en groter sukses in jou lewe te behaal. Maar dan moet jy dit slim gebruik...
2. Liefdadigheidswerk in Nepal, werk by 'n ski-oord in Kanada, of sommer net 'n rugsak-toer deur Europa. Dis hoe ál meer jongmense na matriek die pad vat.
3. As jy kyk hoe 'n groot persentasie universiteitstudente uitsak, lyk so 'n brugjaar al hoe wensliker vir matrikulante. Want die syfers is skokkend: Net 'n derde van die studente wat vir 'n driejaar-kwalifikasie inskryf, voltooi hul kursus. Navorsing (einde 2007) deur prof. Amanda Lourens van die Noordwes-Universiteit op Potchefstroom wys dat twee derdes opskop. Sy het tien verskillende SA universiteite en universiteite vir tegnologie by haar ondersoek betrek.
4. Die groot aanpassing op universiteit, die skielike onafhanklikheid en vryheid, studente wat halsoorkop 'n studierigting kies of finansiële nie die mas opkom nie, is alles redes hiervoor, wys haar navorsing.
5. Vanweë die groot aanvraag is daar deesdae al hoe meer instellings wat *gap*-jaarprogramme aanbied. Van volgende jaar af is daar byvoorbeeld 'n nuwe gestruktureerde brugjaarprogram wat jy op Potchefstroom binne stapafstand van die Noordwes-Universiteit kan volg. Die Equilibria Refinement School is 'n omvattende afrondingskursus wat ontwerp is om jongmense selfstandig te maak, sê dr. Hanri de la Harpe, die stigter.
6. In die kursus leer jy meer oor moontlike beroepe, hoe om stres en tyd te bestuur, gesonde verhoudinge te handhaaf, behoorlik met geld te werk en om 'n CV op te stel en aansoek te doen om werk. Jy leer ook oor etiket, kook en onthaal, wynbediening, noodhulp, binneversiering en tuinbou. Die jaar word afgesluit met 'n opsionele toer na Europa.
7. Prof. Charl Cilliers, direkteur van die sentrum vir studievoorligting en -ontwikkeling aan die Universiteit Stellenbosch, sê: “Die wêreld is deesdae kleiner danksy tegnologie, en jongmense is nie meer bang om oorsee te reis en dinge te ondersoek nie.
8. Werwingspersoneel by universiteite reken sg. *gappers* is dikwels meer gemotiveerde studente met beter sosiale lewensvaardighede.
9. “As jy nie 'n brugjaar sinvol en produktief aanwend nie, is dit tydmors, maar drank en dwelms is maklik bekombaar en verblyf in houe kan gevaarlik wees,” waarsku Annerien Stander (22) wat self in Londen gewerk het. Neem jou persoonlikheid in ag. Sien jy kans vir die uitdaging of is jy geneig tot depressie?
10. As jy weet jy gaan sukkel om later weer te studeer of jy moet geld leen om oorsee te gaan, moet die rooi ligte egter flikker.

[Verwerk uit: *SARIE*, Oktober 2008]

- 
- 1.1 Watter woord in paragraaf 1 is 'n aanduiding dat 'n brugjaar nie noodwendig sukses waarborg nie? (Skryf slegs een woord neer.) (1)
- 1.2 Op watter twee maniere word 'n brugjaar, volgens hierdie artikel, tradisioneel deurgebring? (2)
- 1.3 “Net 'n derde van die studente wat vir 'n driejaarkursus inskryf, voltooi hul kursus.” (paragraaf 3) Is hierdie aanhaling 'n stelling, 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.4 Skryf slegs die woord uit paragraaf 4 neer wat aandui dat studente soms impulsief kan wees. (1)
- 1.5 Skryf twee lewensvaardighede neer wat studente by Equilibria Refinement School sal aanleer om hulle te help om met ander mense oor die weg te kom. (2)
- 1.6 Waarom, dink jy, is die toer na Europa (paragraaf 6) opsioneel? Skryf jou antwoord in EEN sin. (1)
- 1.7 Omskryf: “Die wêreld is deesdae kleiner danksy tegnologie.” Skryf jou antwoord in EEN sin. (1)
- 1.8 Waarna verwys “hole” in paragraaf 10? (1)
- 1.9 Watter karaktereienskap behoort jou af te raai om 'n brugjaar te onderneem? (1)
- 1.10 Dink jy dat 'n brugjaar enige voordele inhou? Motiveer jou antwoord. Skryf jou antwoord in EEN sin. (1)
- 1.11 Wat is die doel van hierdie tydskrifartikel? (1)

**[14]****EN**

## Tjips, Ma speel *PlayStation!*

1. Dis lankal slaapyd – maar Lana Pike sit kiertsregop in haar bed met haar skootrekenaar. Sy maai buiteruimtelike wesens af.
2. Lana is ma van vyf en het 'n konsultant-firma. Sy was tot onlangs bemarkingshoof van Ster-Kinekor Games in Johannesburg. Sulke speletjies is haar ontspanning. Goeie stresontlading, sê sy.
3. En dis toenemend deel van grootmense se vermaak; nie net tieners s'n nie.
4. “Ek het kleintyd met bordspeletjies begin. As die gogga jou dán byt, gaan jy altyd speel,” vertel Lana.
5. Solank jy 'n balans hou. Dis ook wat sy haar kinders (tussen 12 en 18) leer. Daar's reëls: Geen aktiwiteite wat 'n skerm behels voor sonder nie. En speletjies se ouderdomsperk word streng nagekom.
6. Baie mense vereenselwig nog konsole- (of video-) en rekenaarspeletjies met asosiale tieners.
7. Speletjies het 'n reuse tydverdryf vir volwassenes geword. Dis groter as Hollywood-flieks wat die markwaarde en verkoop van produkte betref. Ook plaaslik groei die mark vir speletjies en hul konsoles (soos *Xbox 360* en *PlayStation*).
8. Mense van net oor die 30 is die eerste geslag wat met rekenaars grootgeword het, skryf Mark Penn. En dis 'n manier waarop hulle 'n nouer band met hul kinders kan sluit. Die vermaak-sagtewarebedryf gee toenemend erkenning aan dié volwasse gehoor.
9. Mense vereenselwig sulke speletjies dikwels met geweld. Maar daar is gelukkig ál meer lewensgeoriënteerde speletjies soos *The Sims*, een van die gewildstes ter wêreld. Veral vroue hou daarvan.
10. Die Wii-konsole is ook gewild onder vroue. Jy gebruik dit vir 'n verskeidenheid oefeninge en sportsoorte. Rekenaar- en videospelletjies is geslag-neutraal. Vroue wat op die rugbyveld pap geloop sal word, kan mans met 'n rugby-speletjie ore aansit.
11. Speletjies is ook nie alles net ligte vermaak nie. Dit word byvoorbeeld gebruik om uitgerekte en dikwels angswekkende mediese behandelings draagliker vir kinders te maak. Maatskappye gebruik dit ook ál meer vir opleiding. In Amerika help dit brandweermanne vir biochemiese rampe en die weermag.
12. Dis ín om te speel!

[Verwerk uit: *SARIE*, November 2008]

- 
- 1.12 Hoe word die verslawende aard van video- en rekenaarspeletjies in die eerste twee paragrawe geïllustreer? Skryf jou antwoord in EEN sin. (2)
- 1.13 Skryf een woord uit die eerste vier paragrawe neer wat aandui dat al hoe meer volwassenes rekenaarspeletjies speel. (1)
- 1.14 Noem 'n negatiewe ding ten opsigte van tieners wat gewoonlik met video- en rekenaarspeletjies verbind word. Skryf jou antwoord in jou eie woorde en in een VOLSIN. (2)
- 1.15 “Geen aktiwiteite wat 'n skerm behels voor sonder nie.” (paragraaf 5). Wat impliseer Lana Pike met hierdie voorskrif aan haar kinders? Skryf jou antwoord in een VOLSIN. (1)
- 1.16 Watter ander twee oogmerke van video- en rekenaarspeletjies, behalwe om te vermaak, word in die leesstuk genoem? (2)
- 1.17 Haal 'n sin uit die leesstuk aan wat sê dat video- en rekenaarspeletjies die jongste gier is. (1)

**[9]****EN**

## ADVERTENSIE

*Privaatbankwese | Beleggingsbankwese | Batebestuur | Eiendomsgroep | Sekuriteite*



## Ware Afrikaan

**Uit eie bodem. En wêreldwys.** Met ons voete plat op Suid-Afrikaanse grond en 'n dinamiese teenwoordigheid oor die wêreld heen, bring Investec globale kundigheid en 'n verrassende plaaslike kennis aan elke kliënt. So bly ons relevant, vernuwend en toeganklik vir Suid-Afrikaners wat – nes ons – anders dink. Welkom by jou mede-denkers.

Australië ▪ Botswana ▪ Hong Kong ▪ Ierland ▪ Mauritius  
 Namibië ▪ Suid-Afrika ▪ Switserland ▪ Verenigde Koninkryk  
 ▪ [www.investec.com](http://www.investec.com)

 Investec

- 1.18 Watter tegniek gebruik die kopieskrywer om die leser se aandag op die kop van die advertensie te vestig? (1)
- 1.19 Sê in jou eie woorde wat 'n Afrikaan is. (1)
- 1.20 Na wie of wat verwys "Afrikaan" in die kop van die advertensie? (1)
- 1.21 In watter opsig ondersteun die grafika die kop van die advertensie? (1)
- 1.22 Skryf twee opeenvolgende woorde uit die advertensie neer wat direk verband hou met "wêreldwys". (1)
- 1.23 Noem enige diens wat die adverteerder lewer. (1)

[6]

**TOTAAL AFDELING A 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van die basiese reëls van hoe jy stres suksesvol kan beveg. Skryf EEN paragraaf met SEWE volsinne. Jy mag nie meer as 90 woorde gebruik nie. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het onderaan neer.

### Wapens teen stres

Gee jou stres 'n uitklophou met oefening – of so hoor 'n mens altyd. Maar is dit waar? Elke beweging wat jy maak, plaas immers ekstra druk op die liggaam.

“Sport beïnvloed dieselfde liggaamstelsels as verstandelike stres. Dit plaas die senuweestelsel onder druk en veroorsaak dat die byniere streshormone afskei,” verduidelik Andrew Steptoe, 'n navorser oor die uitwerking van stres op die gesondheid aan die London University College.

“Tog beskerm beweging ons teen stres en sy negatiewe gevolge,” sê hy. “Dalk is dit omdat die liggaam deur sport leer hoe om druk beter te hanteer.”

Chroniese stres veroorsaak onder meer slaaploosheid en depressie. Dit verhoog die bloeddruk en die risiko van hartaanvalle en beroerte. “Sport kan die sensitiwiteit van die senuweeselle vir streshormone soos adrenalien laat afneem,” sê Steptoe. Om stres suksesvol te beveg, moet jy 'n paar basiese reëls volg.

Wees gereeld aktief deur enige sportsoort te beoefen. Sweedse navorsers het bevind mense wat in hul vrye tyd aan sport deelneem en minstens twee keer per week aktief is, ervaar minder stres as diegene wat net een keer per week of minder oefen.

Skep vasgestelde tye sodat jy sport kan beoefen of enige oefeninge kan doen. As jy glad nie aan sport deelneem nie, verminder stres deur trappe te klim en fiets te ry plaas van jou motor te gebruik.

Maak seker dat jou sport inpas by jou aktiwiteite waarmee jy jou elke dag besig hou: As jy die hele dag werk, moet jy nie nodig hê om saans ver te ry na jou sport toe nie.

Kies sportsoorte wat nie nadelig op jou liggaam gaan inwerk nie, veral as jy 'n beginner is of lanklaas geoefen het. Anders sal jy dalk vinnig weer moet ophou. As jy ouer as 35 is en graag aan sport wil begin deelneem, moet jy jou eers 'n dokter raadpleeg en jou fiks laat verklaar.

Kies liever 'n sportsoort waarvan jy hou: Daar is nie een spesifieke sportsoort wat stres verminder nie – kies 'n sport wat afwisseling in jou lewe gaan bring. As jy 'n vervelige werk het, kies eerder 'n avontuursport as om te gaan draf. En as jy heeldag op kantoor sit, sal jy dit waarskynlik verpes om ook nog saans in 'n gimnasium te oefen. Gaan stap of draf eerder in die natuur.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 24 Januarie 2008]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



**AFDELING C: TAAL****VRAAG 3**

Lees die volgende tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Boompie in long is pure bog, sê kenners**

1. Het jou ma ook gesê jy moenie pitte insluk nie, want daar gaan 'n boompie in jou maag (of long) groei?
2. 'n Inwoner van Rusland het wyd nuus gemaak nadat daar beweer is daar was 'n "denneboompie" in sy long nadat hy glo 'n "saadjie of botsel" ingeasem het wat in sy long ontkiem het". Dié storie is egter te dik vir 'n daalder – plantmateriaal kan nie in die mens se liggaam groei nie.
3. Sowel prof. Tony Linegar, kardio-torakschirurg aan die Universiteit van die Vrystaat, as prof. Gillian Ainslie, 'n pulmonoloog aan die Universiteit van Kaapstad, sê daar kan gewasse in 'n mens groei met die voorkoms van 'n bol hare en tande, maar nie plante nie.
4. Prof. Chris Bolliger, pulmonoloog aan die Universiteit van Stellenbosch, het gesê die X-straalfoto wat gewys is en die weefselmonster met die "boompie" in stem nie ooreen nie. Hy en Linegar het gesê plante kan nie digter as been op 'n X-straalfoto wys nie. Die "boompie" kon ook nie in die long ontkiem het nie. "Sade en plante groei nie in mense nie, die medium is nie reg daarvoor nie."
5. Dit is moontlik dat die man 'n takkie kon inasem (wat in sy lugweg sou vasgesit het as hy dit nie uitgehoes het nie), maar volgens die X-straalfoto sit dit te diep. "Ek is baie skepties," het Bolliger gesê.
6. Iemand het die takkie in die longweefsel gevou. As dit daar gegroei het, sou dit ineengewef gewees het.
7. Ainslie het gesê: "So iets moet hulle nog in die mediese literatuur rapporteer. Dit is nie daar nie. Die groen dennenaalde op die foto pla my, want daar is nie sonlig in die longe nie. Ek is baie pessimisties."
8. Volgens Linegar sou die mens se liggaam 'n wand om die saad gevorm het as dit ingeasem is, maar selfs dis onwaarskynlik, want die saad is te groot om deur die lugpyp na die longe te gaan.
9. "Die groei van plantmateriaal in mense is nog nêrens in die akademiese letterkunde opgeteken nie. Ek dink dis nonsens, totdat iemand met baie goeie bewyse kom," het Linegar gesê.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 17 April 2009]

- 
- 3.1 Gee een woord vir “’n inwoner van Rusland” (paragraaf 2). (1)
- 3.2 Skryf die intensiewe vorm van “wyd” (paragraaf 2) neer. (1)
- 3.3 Wat is die betekeniswaarde van die premorfeem ont- in “ontkiem” (paragraaf 2)? (1)
- 3.4 Verklaar die betekenis van “te dik vir ’n daalder” (paragraaf 2). (1)
- 3.5 Verwys na “medium” in paragraaf 4. Een meervoudsvorm van “medium” is “mediums”. Wat is die ander meervoudsvorm? (1)
- 3.6 Skryf die eerste sin van paragraaf 6 in die lydende vorm. (1)
- 3.7 Wat is die woordsoortlike funksie van postmorfeem in “rapporteur” (paragraaf 7)? (1)
- 3.8 Skryf die eerste sin van paragraaf 7 oor in die indirekte rede. (1)
- 3.9 Gee ’n antoniem vir “pessimisties” (paragraaf 7). (1)
- 3.10 Gee ’n sinoniem vir “wand” (paragraaf 8). (1)
- 3.11 Skryf die stam neer van “bewyse” (paragraaf 9). (1)

**EN**

1. My niggie gaan eendag saam met my na die chiropraktisyn. Net toe my ma se behandeling klaar is, vlieg die spreekkamer se deur oop en sy vrou storm daar in.
2. “Het jy al ons klere by die wassery gaan haal? Jy vergeet ook altyd Thysie se hoesstroop. Hier is die lysie. Maak gou!”
3. “Goed, my liefie,” paai die chiropraktisyn. “Ek gaan nou.”
4. “Jy hou jou alewig skaars. Onthou, ons kry vannaand gaste. Roer jou litte!”
5. “Goed, my engel, ek...,” probeer die chiropraktisyn sê, maar sy vrou is al weg.
6. Toe ons huis toe ry, merk my niggie droog op: “Interessant. ’n Chiropraktisyn sonder ’n ruggraat.”

- 3.12 Vervang die emotiewe woord “storm” (paragraaf 1) met ’n meer neutrale woord. (1)
- 3.13 Korrigeer die spelfout in paragraaf 4. (1)
- 3.14 Skryf die oortreffende trap van “skaars” (paragraaf 4) neer. (1)
- 3.15 Gee die denotasie van “droog” in paragraaf 6. (1)
- 3.16 Watter konnotasie word in paragraaf 6 aan “droog” geheg? (1)
- 3.17 Wat impliseer die niggie met die woorde: “’n Chiropraktisyn sonder ’n ruggraat”? (1)
- 3.18 Lei uit die grappie af wat ’n chiropraktisyn doen. (1)

EN

## Vir sterk bene

1. Sorg dat jou kleingoed genoeg kalsium inneem. Met OLA MOO se bevrore lekkernye is dit kinderspeletjies.
2. Goeie voeding en oefening is van die belangrikste dinge om in die kinderjare gesonde bene te bou en later osteoporose te voorkom. En vir dié groei is kalsium een van die noodsaaklikste boublokke.
3. Vir kinders tussen 4 en 8 jaar word 800 mg kalsium per dag aanbeveel. Dit kom voor in suiwel, groen groente, geblikte vis, neute en sekere vrugte.
4. Maar almal weet kinders is mal oor roomys... en hiervoor het OLA MOO net die antwoord met hul spikkelkoei-bevrore lekkernye. Gee jou kind die nodige kalsiumhupstoot met die heerlike vanielje-en-sjokoladegeur of die pienk aarbeiwergawe. In een 70 ml-porsie heerlike OLA MOO kry jou kind 240 mg kalsium in.
5. Kinders behoort ook genoeg oefening te kry om hul bene sterk te maak - enigiets, soos dans, sokker, netbal, karate, atletiek en gimnastiek, waar ’n arm of been die liggaamsgewig dra. Begin die nuwe jaar reg deur seker te maak jou kinders bring meer tyd in die buitelug as voor die televisie of rekenaar deur.

- 3.19 Brei die eerste sin van paragraaf 1 uit deur 'n byvoeglike bysin. Skryf die sin neer en onderstreep die byvoeglike bysin wat jy bygevoeg het. (1)
- 3.20 Waarvoor staan die afkorting "mg" in paragraaf 4. (1)
- 3.21 Watter woordsoort is "antwoord" (paragraaf 4)? (1)
- 3.22 Vorm 'n afgeleide werkwoord van "sterk" (paragraaf 5). (1)
- 3.23 Maak 'n sin met die homoniem van "arm" (paragraaf 5). (1)
- 3.24 Gebruik "nuwe jaar" (paragraaf 5) as een woord in 'n verhelderende sin. (1)

Die *HAT* verwys: ka-ra'te s.nw. (< Jap.) Stelsel van selfverdediging wat berus op die doeltreffende gebruik van die ongewapende liggaam en bestaan in metodes om die opponent o.a. met houe en skoppe af te weer: *Kennis van hoe spiere en gewrigte werk, en die verband tussen beweging en ewewig geniet besondere aandag by die beoefening van karate. Karate beteken leë hande.* [Uit: *HAT*, 2003]

- 3.25 Skryf net die lettergreep neer wat by die uitspraak van die woord 'karate' beklemtoon word. (1)
- 3.26 Aan watter taal is die woord "karate" ontleen? (1)
- 3.27 Wat noem ons 'n persoon wat karate beoefen? (1)

EN



- 3.28 Verbind die twee sinne in spraakborrel 1 met die voegwoord 'omdat'. (1)
  - 3.29 Hoe word vrou in die strokie gestereotipeer? (1)
  - 3.30 Skryf Andy Capp se direkte woorde in spraakborrel 3 oor in die vraende wyse. (1)
- [30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**